SPP News / Nuus

Volume 1 Uitgawe 3 **September 2006**

In hierdie uitgawe

Landbou en grondhervorming—uit die oog van vroue	2
Volhoubare ontwikkeling en die opkomende boer	3
Accessing markets and development resources	4
Die gebruik van alternatiewe vir groente verbouing	5
Grond en landbou hervorming in SA	6
Kortliks	8
Woordelys	8

Beplanning met mense en nie vir mense nie ...

Die belangrikheid van deelnemende beplanning

Die plaas Roodebergskloof was deur die Departement van Grondsake aangekoop om die behoeftes van die veeboere gemeenskap van Garies aan te spreek. Die onderhandelingsproses het begin in 1999 en die plaas was oorgedra aan die Garies Munisipaliteit in 2000.

Die voorwaardes waaronder hierdie plaas aangekoop was sluit onder andere in dat hierdie plaas deur die Munisipaliteit in samewerking met alle gebruikers bestuur moet word. Dit beteken dat die gebruikers in alle aspekte van enige voorgestelde ontwikkeling op hierdie plaas erken moet word en ook dat hulle deel moet neem in alle beplanning van voorgestelde ontwikkeling.

Tydens die onderhandelingsproses vir die aankoop van die plaas was Garies swaar getref deur 'n watertekort en het hierdie plaas dus moontlikhede voorsien vir die aanspreek van die waterkrisis. Daar was ook die moontlikhede om toerisme op die plaas te ontwikkel alhoewel die hoofredes vir die aankoop van die plaas gefokus was op boerdery aktiwiteite en die moontlikhede vir water voorsiening.

Die plaas was aangekoop vir die inwoners van Garies wie in besit was van vee asook inwoners wie landbouprojekte in die vooruitsig gestel het. Daar is huidiglik 15 veeboere en 7 vroue wat gebruiksregte het vir beide vee en landbou aktiwiteite.

In 2005 het dit onder die gebruikers se aandag gekom dat daar 'n proses deur die Kamiesberg Munisipaliteit aan die gang gesit is om Roodebergskloof te ontwikkel in 'n gasteplaas. Die projek sou befonds word deur die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme. Die gebruikers het aanspraak gemaak om in die proses erken te word en het die aanvanklike planne van die hand gewys aangesien die beplanning nie die gebruikers ingesluit het nie. Intussen het Conservation International wat ook werksaam is in die Kamiesberg regsgebied, tydens 'n charette ook beplanning gedoen om die plaas Roodebergskloof te ontwikkel in 'n gemeenskaplike bewarings area.

Hierdie proses sonder die insluiting van die gebruikers, het groot ontevredenheid onder die gebruikers veroorsaak en is SPP genader om 'n proses te fasiliteer om nie net inligting te bekom nie, maar ook om te verseker dat gebruikers deel vorm van die beoogde beplanning. SPP het 'n werkswinkel gehou met die gebruikers om vas te stel presies wat hulle uit die proses wil hê, en ook om hulle voor te berei vir 'n vergadering met alle rolspelers betrokke by die beoogde ontwikkeling van die plaas Roodebergskloof. Die vergadering was deur SPP gefasiliteer en voorleggings was gedoen deur Conservation International, SPP, die gebruikers op die plaas asook deur die Kamiesberg Munisipaliteit.

Dit het aan die lig gekom dat Conservation International, in samewerking met die ontwikkelaar, alreeds die beplanning gedoen het in terme van die beoogde ontwikkeling. By hierdie vergadering het die gebruikers dit duidelik gestel dat hulle nie tevrede is met die planne nie en het hulle geëis dat die proses oor moet begin waarby almal ingesluit word. Die gebruikers het ook 'n memorandum aan die Munisipaliteit, Conservation International en die ontwikkelaar (Ishabi Consortium) oorhandig waarin hulle riglyne stel vir verdere ontwikkeling op die plaas.

By 'n tweede vergadering wat deur Conservation International fasiliteer was is ooreengekom dat die beplanning oor gedoen gaan word waarby alle rolspelers betrokke gaan wees. Die gebruikers sal nou die geleentheid gegun word om deel te wees van die beplanning.

Daar was toe op Saterdag 9 September 2006 'n vergadering op die plaas gehou en diegene verantwoordelik vir die teken van die planne het saam met die gebruikers nuwe planne geteken. Daar was gesprek gevoer word met alle gebruikers oor die regte van veral die vee en weidingsaktiwiteite. Die gebruikers van die plaas Roodebergskloof het dit ook duidelik gestel dat hulle huidige aktiwiteite nie deur die voorgestelde ontwikkeling geraak moet word nie en dat hulle ook voordele moet trek uit die volledige toekomstige ontwikkeling.

Die gebruikers is dit eens dat alternatiewe grondgebruike tot voordeel kan wees maar dit is belangrik om vanaf die begin betrek te word om sodoende 'n positiewe ingeligde besluit te kan neem vir toekomstige gebruik en bemagtiging. Alternatiewe grondgebruik word verwelkom op die plaas Roodebergskloof waar dit kan bydra tot die verbetering van die infrastruktuur om sodoende die gebruikers in staat te stel om hul produkte te verbeter. Alternatiewe grondgebruik moet ook nie die bestaande regte van die gebruikers benadeel nie en moet 'n bydrae lewer tot die lewensomstandighede van die gebruikers.

Landbou en grondhervorming — uit die oog van vroue

Meer as die helfte van landelike gemeenskappe is grondloos of werk op klein stukkies grond. Dikwels is die sekerheid vir die gebruik van die grond onderhewig aan reëls en verpligtinge wat meer tot voordeel van die eienaar is. Grondloosheid en grondonsekerheid het veral 'n negatiewe impak op vroue. Studies het bewys dat vrouens meer energie en bronne spandeer om te verseker dat daar kos in die huis is. Wanneer vrouens egter grond het wat hulle eie is, of kan boer op grond met gebruiksekerheid, kan hulle meer kos produseer. Grondsekerheid, meer as enigiets anders, is die mees belangrikste faktor om voedsel produsering te verseker.

Groot grondeienaars gebruik hul mag om grond en landbouhervorming te vertraag of

heeltemal te blokkeer. Dit is veral vrouens wat dit moeilik vind om grond deur die mark te bekom omdat hulle baie min beheer het oor besluitneming. Terselfdertyd moet hulle ook toegang verkry tot bronne wat hulle sal help om volhoubaar te boer.

Vrouens het normaalweg vêr minder toegang tot sleutelbronne soos grond, water, krediet en voorligtingsdienste – daar is getoon dat vrouens dwarsoor die wêreld slegs 5% van landbou voorligtingsdienste ontvang.

Die belangrikheid van landbou in die landelike ekonomie kan nie onderskat word nie. Daar kan egter ook nie net blindelings aanvaar word dat die huidige wyse waarop veral kommersiële boere op die grond produseer die enigste of die korrekte manier van boer is nie. Dit is veral vrouens wat aan die voortou is van die beweging om mono-kultuur en chemiese boerdery uit te daag. Vrouens is meer geneig om tradisionele tegnologieë en kennis toe te pas op klein biodiverse stukkies grond waar hulle verskillende gewasse plant. Dis juis oor hierdie manier van boer – verskillende gewasse op een stukkie grond – dat vrouens kritiseer word.

Maar terwyl vrouens seker maak dat al hul eiers nie in een mandjie is nie, verseker hulle ook dat die natuur en hulpbronne optimaal gebruik word sonder om 'n negatiewe impak op die omgewing te hê. Omdat hulle eie kennis en bronne die belangrikste faktor in hul boerdery aktiwiteite is, is daar min afhanklikheid op eksterne insetboerdery. Volgens kenners is vrouens ook meer geneig om meer mense per hektaar in diens te neem as groter plase en is hul produktiwiteit ook hoër.

Ten spyte hiervan word vrouens se bydrae tot boerdery dikwels onderskat en uitgesluit in ontwikkelingsplanne. Bina Argawal, 'n navorser sê dat aangesien grond die mees belangrikste eiendom in landbou ekonomie is, daar geëis moet word dat vrouens onafhanklike eienaarskap van grond bekom.

Volhoubare ontwikkeling en die opkomende boer

Mense het al baie gehoor van die woord volhoubare ontwikkeling. Hierdie begrip word dikwels deur verskeie mense en instansies wat betrokke is in die landbousektor gebruik. Hulpbronne wat noodsaaklik is vir landbou-ontwikkeling, is dikwels nie-hernieubaar en kan mettertyd uitgeput raak. Die aanvraag na hierdie hulpbronne vergroot weens bevolkingsgroei en namate meer mense tot die sektor toetree. Die demokratiese bedeling bied verdere geleenthede aan histories benadeelde gemeenskappe om tot die landbousektor toe te tree ten einde 'n positiewe bydrae te maak tot produksie en derhalwe werksleenthede te skep en lewensstandaarde te verhoog. ***Vervolg***

Accessing markets and resources – Some challenges facing EFAs in the West Coast

SPP currently works with 30 emerging farmers associations (EFAs) in the West Coast (Western Cape Province). Of these EFAs, 17 have secured access to land because of many constraints, only a few are actually producing. Most of the projects have access to commonage (municipal) land. A major struggle these EFAs are faced with is accessing land for productive purposes. However, once on the land, accessing development resources such as implements, water and support services become the subsequent challenges.

Projects that have access to commonage have a specific challenge: EFAs themselves have to initiate the development of municipal land. Municipalities make it very clear that it is not their duty to support agricultural projects in terms of development and productive resources. They provide the land and that is how far land reform at local government level goes. Most of the livestock farmers do not have access to sufficient grazing land. Thus they cannot produce quality animals that can easily be sold on a formal market. Members sell their produce to locals or exchange it for other much needed resources with commercial farmers. Pigs, for instance are sold at a fixed price and not by weight.

The government's drought relief programme has also dismally failed EFAs in the West Coast. Most of the applicants do not qualify because they receive one or the other form of government grant. A big portion of the allocated drought relief funding for the province assisted commercial farmers instead of resource-poor emerging farmers. EFAs have access to small pieces of land, just big enough to produce for food security at the subsistence level. These EFAs cannot compare with commercial farmers who mass-produce vegetables for the market. Surplus produce is normally sold to members of the community or donated to soup kitchens.

EFAs are lobbying for faster delivery through the four EFA forums in the West Coast and by active intervention, hopefully, a political will can be born within municipalities and government departments to support emerging farmers in eradicating poverty.

Die gebruik van alternatiewe vir groente verbouing

Namakwaland is `n ekstensiewe gebied met `n gemiddelde reënval van 200mm per jaar. Veeboerdery was nog altyd die hoof landbou inkomste bron in hierdie gebied. Tuinbou was altyd slegs op `n relatiewe klein skaal beoefen, behalwe teen die Oranje Rivier met voldoende water dwarsdeur die jaar. Dus het slegs gemeenskappe wat water gehad het op kleinskaal tuingemaak.

Tradisioneel het groente verbouers, meer die ouer generasie grootmense, altyd tuin gemaak, en hierdeur baie kennis en ervaring opgebou. Gedurende die laat sewentigs en vroeë tagtigs, met die bekendstelling van meer gevorderde chemiese insek en siektebeheer middels, was baie kleinskaalse groente verbouers beïnvloed deur praktyke van kommersiële groente verbouers, wat hoofsaaklik op die konvensionele metodes geskoei was. So het baie van die tradisionele kennis dus begin verlore raak. Ook is `n wanbalans in die natuur geskep wat gelei het tot groter populasies nadelige insekte.

Chemiese insekdoders maak alle insekte (insluitend voordelige insekte) dood met kontak. Baie nadelige insekte bou soms `n weerstand op teen `n gifstof as dit herhaaldelik toegedien word. SPP voorsien ondersteuning vir die Garies "Roodebergskloof" groentetuin projek, die Nababeep "huistuine" projek en die DOCKDA Skole groente tuin program. In almal hierdie projekte verskil die vlak van ondervinding (van beperkte groente verbouings ondervinding tot `n hoë vlak van goeie tradisionele kennis wat deur die jare se ondervinding op gebou is).

Binne SPP het die vraag oor die gebruik van chemiese insek- en siektebeheer middels asook kunsmis, om goeie produksie opbrengste voort te bring, ontstaan. SPP het dus begin kyk na alternatiewe soos organiese tuinbou beginsels om groenteverbouers in te lig wat die verskillende opsies is en nie te probeer om ons eie sieninge op hulle af te dwing nie. As `n beginpunt het SPP 14 begunstigdes van verskillende areas na Goedgedaght naby Malmesbury gestuur om deel te neem aan `n een week organiese groentetuin opleidings program.

Hierdie opleiding het behels die maak van slootbeddings, planttegnieke (opvolg beplanting, verskillende groente langs mekaar ens.), hoe om in houers te plant, die maak van opvulbeddings, hoe om water te bespaar, deklae te gebruik, plaag en siekte beheer deur natuurlike middels en metodes te gebruik, hoe om kompos te maak, asook rekordhouding en beplanning. Gedurende die opleiding was die klem op organiese beginsels en die voordele van hierdie tegnieke om sodoende `n gesonde lewenswyse te handhaaf.

Die deelnemers van Namakwaland het daarna deelgeneem aan verskillende demonstrasie sessies om die kennis en ervaringe wat hulle op gedoen het tydens die kursus aan ander lede by hul onderskeie projekte oor te dra. Huidiglik produseer die vroue groep van Garies groente op die plaas Roodebergskloof met die toepassing van organiese beginsels.

By die Nababeep Huistuine word geen chemiese insekdoders en siektebeheer middels of kunsmis vir voeding van die grond gebruik nie. SPP het onlangs opleiding in organiese groenteverbouing voorsien vir vier primêre skole, een kleuter skool en een gemeenskaps projek in die omliggende Springbok omgewing. Hierdie begunstigde projekte is tans in proses om hul tuine te ontwikkel by die skole betrokke as deel van die voedsel sekerheid inisiatief van DOCKDA.

SPP sal verantwoordelik wees vir die monitering van hoe hierdie begunstigdes hierdie program implemen-

teer asook wat die probleme is en waar ondersteuning verleen kan word. Al bogenoemde projekte pas tans die organiese beginsels toe, maar gebruik ook hul eie metodes sodat hulle self kan moniteer wat die beste werk. Deur al hierdie inisiatiewe wil SPP probeer om begunstigde groepe bewus te maak van die negatiewe impak wat chemiese insekdoders en siektebeheermiddels mag hê. Organiese groente verbouings beginsels is slegs een alternatief en soms is dit nodig om na alle alternatiewe te kyk. Dis ook belangrik om nie te vergeet watter inheemse kennis mense mag hê nie. Hierdie kennis en vaardigheid is net so waardevol soos wat ons dit toelaat om te wees.

Grond en landbou hervorming in SA : alternatiewe benaderings

Die Nasionale en Provinsiale Grondberaad het die hoop vir baie arm grondlose vrouens en mans geskep dat die grondhervormingsprobleem in Suid Afrika opgelos sal word. 'n Jaar later en die grondloosheid van kleinboere en uitsettings van plaasbewoners gaan volstoom voort. Terwyl van die grondloses deelgeneem het aan die Grondberaad was die alternatiewe voorstelle van die grondloses en bewegings wat grondloses verteenwoordig het baie beperk. Dit kan toegeskryf word aan baie faktore maar die grootste in ons opinie is die gebrek aan 'n **Klas Analise** en dat baie van ons die probleem probeer aanspreek binne die **vrye mark** of **kapitalistiese ekonomiese stelsel.**

Verder neem die grondloses self ook baie min deel aan gesprekke om alternatiewe opsies op die tafel te sit. Dit is belangrik dat ons kortliks die grond en landbouhervormings probleem analiseer deur gebruik te maak van 'n alternatiewe raamwerk. Enige opsies moet teen die agtergrond van ons huidige mark gedrewe ekonomiese stelsel gesien word. In 'n mark gedrewe ekonomiese stelsel is daar drie elemente naamlik **produksie, verdeling of verspreiding en verbruik.** Die doel van produksie is uitsluitlik om maksimum winste te maak, verdeling of verspreiding is deur markte en verbruik is nie gebaseer op die behoeftes van mense nie maar op die vermoë of mag om te betaal.

Die hoofbronne van die land (grond, arbeid, kapitaal en natuurlike bronne) behoort aan en word beheer deur 'n paar ryk individue. Ekonome en ander kundiges sê die vrye mark ekonomiese stelsel is direk verantwoordelik vir armoede, werkloosheid, grondloosheid en die onderontwikkeling van die landelike gebiede. Landbouhervorming is 'n belangrike komponent binne die breër grond en landbouhervormings konteks, maar in baie gevalle word daar min gefokus op die aspek.

Volgens die Departement Landbou is die landbousektor baie belangrik in die Suid Afrikaanse ekonomie. " Nominale groei in landbou produksie was 11,5% per jaar sedert 1965, terwyl die ekonomie as 'n geheel met 14,4% jaarliks gegroei het oor dieselfde periode, wat tot 'n afname in landbou se bydrae tot Bruto Nasionale Produk (BNP) van 9,1% in 1965 tot 3,1% in 2003 gelei het. Dit gesê is die landbou sektor 'n groot verdiener van buitelandse betaalmiddele. Die afname in die landbou sektor se bydrae tot BNP en die vlakke van skuld van kommersiële boere word dikwels gebruik om kleinboere te laat afsien om in landbou betrokke te raak. Volgens dié denkskool kan landbou baie min doen om armoede te verlig. Dr. Peter Jacobs, 'n ekonoom by die Universiteit van Wes-Kaapland, wys egter daarop dat die gemiddelde ratio van winste in die landbou sektor nie gedaal het nie, inteendeel het dit aansienlik gestyg.

Die doel en praktyke van landbou moet verander word om na die voedsel behoeftes van

die land te kyk en nie net oorhoofs om winste te maak nie. Dit beteken landbou in sy huidige vorm moet heeltemal hersien word. Arm opkomende boere en plaaswerkers moet eienaarskap en beheer oor van die bronne binne die landelike gebiede bekom. Dit sluit in ondersteuning van die regering vir landbou ontwikkeling van kleinboere. 'n Landbou sektor wat na die behoeftes van mense omsien vir voedselsekuriteit en die lewensomstandighede van arm mense te verander, is die ideaal. Landbou hervorming moet ook insluit waterhervorming waar kleinboere beheer het oor die bronne. Dit moet ook insluit die volhoubare bestuur van waterbronne en omgewings vriendelike landbou praktyke wat die bron beskerm. Om grond en landbouhervorming te bewerkstellig is dit belangrik dat grondloses verstaan dat dit slegs deur 'n alliansie van armes, kleinboere en plaaswerkers is, dat 'n alternatiewe visie vir grond en landbouhervorming geskep kan word. Verandering sal slegs teweeg gebring kan word deur druk en 'n stryd vir landelike hervorming. Grond en landbouhervorming is krities om die probleem van armoede aan te spreek. Dit is ook belangrik dat ons aktief betrokke raak in gesprekke oor alternatiewe en weet dat 'n alternatiewe landelike transformasie moontlik is.

Volhoubare ontwikkeling en die opkomende boer

Vanaf bl 3 Die konsep volhoubare ontwikkeling is 'n relatief nuwe begrip en is veral gebaseer op die bestuur van natuurlike en nie-hernieubare hulpbronne. Die begrip het gedurende die sewentigerjare ontstaan, namate energiebronne uitgeput begin raak het, byvoorbeeld ontbossing en uitputting van petroleum en steenkoolbronne. Volhoubare landbou is 'n uitvloeisel van die begrip volhoubare ontwikkeling en is gebaseer op noodsaaklike hulpbronne in die landbousektor. Die term volhoubare landbou is vir SPP spesifiek belangrik en 'n groot uitdaging. Met die fokus op die ontwikkeling van opkomende boere, is dit belangrik dat benaderings en werkswyses beide omgewingsaspekte sowel as die regte van mense in ag neem. Een van die sleutelvrae is of huidige landbouprak-tyke in staat sal wees om die kwaliteit van die omgewing en die gesondheid van mense asook voedselsekerheid te handhaaf. Toenemende bevolking plaas groter druk op produksievolumes en produksiepraktyke word minder omgewingsvriendelik.

Groot uitdagings staar nuwe toetreders tot die landbouproduksie in die gesig. Om uiteindelik voordeel te trek uit regeringsprogramme, en ondersteuningsdienste, word opkomende boere genoodsaak om by wyse van boereverenigings te organiseer. Kapasiteitsgapings bly een van die sleuteluitdagings vir opkomende boere en om uiteindelik 'n volhoubare bedryf te vestig, verg tyd, toewyding en organisering. Volhoubare landbou stel al hoe meer eise aan die individu. Dit verg dat mense mede-eienaarskap moet neem van ons planeet en standpunt moet inneem teenoor wanpraktyke. Mede-eienaarskap verg dat mense hulself moet bemagtig om ingeligte besluitneming te bevorder in belang van beide die natuur en die nageslag. Landboupraktyke moet nie mense vervreem nie en erkenning moet gegee word aan plaaslike toestande en tradisionale praktyke.

Kortliks …

Benoeming vir Vroue Boer van die Jaar in die Noord Kaap

Geluk aan die Carnavon en Garies vroue groepe wat benoem was vir die Noordkaap Vroue Boer van die Jaar. Die Carnavon vroue het derde plek behaal. Ons wens hierdie projekte geluk met die prestasie en sterkte vir die toekoms.

Environmental justice workshop for NQL

A workshop on environmental justice and land reform will be held in Springbok in Saturday 28 October 2006. Farmers associations from the region are invited to this workshop.

Porterville kry grond

The Porterville EFA has been given access to 167Ha of commonage land by the Bergrivier municipality. They will be leasing the land for 9 years and will be farming with livestock, dryland crops and vegetables in tunnels.

Uitruilbesoek na Hantam Karoo

Tien opkomende veeboere van die Matzikama and DMA streke in die Weskus gaan Loeriesfontein opkomende boere besoek vanaf 17-19 Oktober 2006. Die besoek beoog om 'n goeie leerproses vir beide die besoekers en die gasorganisasie te wees.

At SPP

The West Coast programme said goodbye to Anne when she started her new position in the Research, Information and Advocacy unit of SPP. Anne started her new job on 8 September 2006.

Howe van Vroue - Ons Oumas se stories

Al die vrouens wat hul stories met ons gedeel het, ons weet julle wag in spanning vir boek wat ons sou publiseer. SPP is in die proses om die stories te dokumenteer en ons hoop dat ons 'n publikasie die lig kan laat sien by die einde van die jaar.

Veldtog vir plaaswerkers

SPP is tans besig met 'n veldtog om die kwessies en stryd van plaaswerkers in die Weskus na vore te bring. Hierdie proses sal in noue samwerking met plaaswerkers en ander rolspelers plaasvind.

Surplus People Project

Kaapstad Kantoor:
Collingwood Weg 45, Observatory
Posbus 468, Athlone, 7760
Tel: +27 21 448 5606
Faks:: +27 21 448 0105
E-pos: spp@spp.org.za

SPP Calvinia: Posbus 228, Calvinia, 8190. Tel: +27 273 411 753
Faks: +27 341 2548
E-pos: pedro@spp.org.za

SPP Namakwaland
Posbus 669, Springbok, 8240
Tel: +27 2771 81370
Faks: +27 2771 81302
E-pos: edith@spp.org.za

Woordelys

Charette - *Ontwerp vir 'n voorstel vir toekomstige ontwikkeling.*

Mono-kultuur - *Om met een gewas te boer.*

Chemiese boerdery - *Die gebruik van chemiese gif - en voedingstowwe verplaag / insekbeheer.*